

## Sondag 7 Mei

### Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-12

### Fokusgedeelte: Efesiërs 4:4-6; HK Sondag 21, Vraag 54

#### Die eenheid van die kerk

Die eenheid as eienskap van die Christelike kerk word nie uitdruklik in Vraag 54 van die Kategismus genoem nie, maar word tog baie duidelik veron-derstel. Dit blyk daaruit dat daar in die enkelvoud van *kerk* gepraat word. Ook in die antwoord word na *gemeente* in die enkelvoud verwys.

Verder word gesê dat Christus sy gemeente vergader “*in die eenheid van die ware geloof*”. As ons rondom ons kyk, sien ons baie kerke, en dan lyk dit nie of daar sprake van ’n eenheid van die kerk kan wees nie. Dit gaan hier egter nie oor wat ons rondom ons sien en ervaar nie, maar oor wat ons in die geloof op grond van die Skrif van die kerk bely. Ons bely nie maar net dat die kerk één behoort te wees nie, maar dat dit eie is aan die kerk om een te wees. Daarmee word bedoel dat almal van alle tale, tye en plekke wat waarlik in die Drie-enige God glo, één kerk is. Dit blyk baie duidelik uit Skrifgedeeltes soos Johannes 17, Handelinge 2:41-47, 1 Korintiërs 1:2, 12:4-27 en Efesiërs 4:1-6. Dit gaan oor die kerk as een liggaaam van Christus. Hy is die Hoof van die kerk, en wie deur die geloof aan Hom verbonde is, is ook deur liefde tot ’n eenheid aan mekaar verbonde. Dit blyk duidelik as Paulus in Efesiërs 4:4-6 met die oog op die kerk sê: Dit is één liggaaam en één Gees, één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal.

As die kerk van Christus na sy wese een is, waarom is daar so baie kerk-groeperings (denominasies) wat van mekaar verskil? By die stel van hierdie vraag moet ons ons koppe in skaamte laat sak, want dit is weens ons sondes en sondigheid dat die kerk in sy aardse openbaring so verskeur daar uitsien. Dit is ons roeping om die verskille tussen kerke uit te wis en ware eenheid na te streef. Ons moet die eenheid wat die Gees tussen ons gesmee het, handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe (Ef. 4:3).

Tog, aan die ander kant, mag ons in ons strewe na eenheid tussen verskil-lende kerke nooit iets van die waarheid van die Woord prysgee nie. Dit moet ’n eenheid op grond van die waarheid wees (Joh. 17:17, 19) en nie ten koste van die waarheid nie.

Daarom moet daar deeglik onderskei word tussen verskille wat op die Woord van God gegronde is en minder ernstige verskille wat byvoorbeeld bloot kultureel van aard is. Steeds moet al die kerke daarna streef om “wêreldwyd, in Christus een” te wees (SB 27:4).